Safari

Notas en Bespreking

Tema
Almal moet sterf, niemand kan die dood ontsnap nie.

Algemeen
- Versreël 1-6
    - Verwys na ALLES wat beweeg, niks kan die dood ontsnap nie.
- Versreël 7-10
    - Bevat metafoor van die lewe vergelyk met ‘n begrafnisoptog.
- Versreël 11-15
    - Verwys na al die dinge wat moet sterf:
        - Mense, stede, goedere op treine
- Versreël 16 – 19
    - Verwys na al die ruimtes waaroor die optog beweeg – dit beweeg deur woestyne en oor grasvlaktes. Dit weweeg dus oor ALLES en sluit ALMAL in.
- Versreël 24 – 27
    - Verwys na die paaie wat om die wêreld strek. Sluit weereens almal in.
    - Verwys ook na die sikliese beweging van die optog – Jy eindig waar jy begin omdat jy OM DIE WÊRELD beweeg. Dit verwys na die gesegde ‘van stog tot stof’
- Versreël 28 – 34
    - Verwys na die graf/die dood wat dus die eindbestemming is.
    - ‘**die** gaatjie’ – verwys na DIE gaatjie want dit is ‘n graf. Dit is dus ‘n spesifieke gat in die grond, nie sommer net enige gat nie.

Tipografie
- Gedig se vorm boots die vorm van heuwels en valleie na.
- Dit sluit aan by Saharas en Sevannas in volgende wyse:
    - Saharas: Vorm lyk soos duine in die woestyn
    - Sevannas: Verwys na valeie waarin graslande voorkom.
- Vorm verwys ook na pad wat almal loop – Kronkel, maar eindig tog met die dood (Gaatjie in die grond)

Beeldspraak
Metafoor
“beweeg in lang stoete” – Lewe word vergelyk met ‘n begrafnisstoet
Personifikasie
- Kosyne beweeg – Kosyne kan nie beweeg nie. Dit beweeg wanneer mense nuwe geboue bou

- Stede beweeg – Stede kan nie beweeg nie – die mense in die stede beweeg wel.

Kontras

Niks (versreël 1) en Alles (Versreël 4) beklemtoon dat alles beweeg.

Figuurlike Verwysings In Die Gedig

- Figuurlike Verwysings:
    - Lang stoete – verwys na almal wat beweeg
    - Grassteeltjies – verwys na natuur wat verwoes word
    - Kosyne – Stedelike uitbreiding
    - Stede – Mense wat beweeg
    - Treine – Verwys na goedere en besighede wat bedryf word
    - Gaatjie – Verwys na graf

Memorandum

1. Wanneer jy op vakansie gaan deur Afrika
2. Sahara en Sevanna
3. Sahara is ‘n woestyn. Sevanna is groen grasvlaktes.
4. Saharas: Vorm lyk soos duine in die woestyn. Sevannas: Verwys na valeie waarin graslande voorkom
5. Mense brei die stede uit / Mense bou nuwe geboue
6. Stede kan nie beweeg nie. Die mense in die stede beweeg.
7. Dit beweeg oor alles. Dit beklemtoon dat die optog orals plaasvind.
8. Na die gaatjie in die grond en dus na die dood.
9. Almal moet eendag sterf.
10. Dit lei terug na waar mens begin.
11. Die ‘die’ betweken dit verwys na ‘n spesifieke gaatjie. Dit is ‘n graf.
12. ‘n Graf.
13. Almal moet sterf en niemand kan dit ontsnap nie.